**Moenie die groot saligheid verontagsaam nie!**

**Heb 2:1-4**

**27 Februarie 2022**

1. Struktuur: Heb 1:1-3 – Verhewendheid van die Seun, Heb 1:4-14 – Seun is verhewe bo die engele, Heb 2:1-4 – Onderbreking t.w.v. 'n dringende oproep, Heb 2:5 – voortsetting van die Seun is verhewe bo die engele
2. Oproep: Gryp vas aan wat ons gehoor het! (Heb 2:1, 3)
    a. Gryp vas aan wat ons gehoor het (v1), die groot saligheid (v3) (vgl Heb 1:14)
        i. Inhoud van Heb 1 – die verhewendheid van die Seun
        ii. Groot saligheid – die evangelie (vgl Ef 1:13)
    b. Ons moet dit <u>soveel kragtiger</u> vasgryp (NAV)! Ons moet <u>des te meer</u> ag gee hierop (OAV)! We must <u>pay much closer</u> attention (ESV)!
3. Hoekom hierdie dringende oproep?
    a. Die inhoud van die oproep behels 'n groot saligheid (Heb 2:3)
        i. Eindig in die saligheidserfenis (Heb 1:14, Op 21:1-4, Heb 10:14)
        ii. Die inhoud van die erfenis is so heerlik dat dit die saligheid groot maak
    b. Die groot saligheid weerspieël die grootheid van die Drie-Enige God
        i. Heb 1 het geleer die groot saligheid word deur God bewerk, reflekteer God
        ii. Die groot saligheid lig uit hoe groot God is
        iii. Resultaat: God word verheerlik
    c. As ons nie vasgryp nie, loop ons die gevaar om weg te dryf (Heb 2:1)
        i. Beeld van boot wat nie geanker is nie en meegesleur word deur strominge
        ii. Gerig aan mense wat bely hulle is gelowiges, maar wat traag geword het (Heb 6:11-12)
        iii. Geloof kan skipbreuk ly (1 Tim 1:19b), vereis stryd (Judas :3)
        iv. "Neglect" gaan oor in "reject" (vgl v3)
    d. Die woord van die Seun is meer bindend as die woord van die engele (Heb 2:2-3a)
        i. Wet is deur engele aan Moses gegee (Gal 3:19, Hand 7:38)
        ii. Argument: Seun is meer vehewe as engele (Heb 1 bewys dit), wet gegee deur engele was bindend (OT bewys dit), groot saligheid is deur die Seun verkondig (Mark 1:14 bewys dit) – dus moet die groot saligheid ook bindend wees
    e. Die boodskap van die groot saligheid is absoluut betroubaar (Heb 2:3b-4)
        i. Aangekondig deur profete en engele in Ou Testament
        ii. Verkondig deur die Seun met Sy koms
        iii. Aanvanklik gebrekkige begrip by dissipels (Mark 8:14-21), belofte van Heilige Gees (Joh 16:12-14)
        iv. Apostels begryp o.l.v. die Heilige Gees – soos nog nooit tevore nie (Ef 3:5-6)
        v. God bevestig deur tekens, wonders, kragtige dade en gawes van die Gees (bv Hand 3:11-16)
4. Hoe gryp ons kragtiger vas aan die groot saligheid?
    a. Kan nie net by hoor bly nie – aktiewe, biddende studie moet lei tot kennis en vertroue (geloof) in die inhoud van die evangelie, nie net uiterlike doen van "Christelike dinge" nie
    b. Doelbewuste stywer vasmaak van jou ankertou aan die Seun; nalatigheid in geloof gee aanleiding tot wegdryf